**Verbondsvervulling: die vreugde en spanning (OP153)**

**Gen 21:1-21**

**5 November 2023**

Laasweek het ons stilgestaan by die gebeure in Gen 20, waar Abimeleg, die Filistynse koning van Gerar, vir Sara as vrou geneem het, nadat Abraham weer gesê het sy is sy suster. Weereens, soos die geval was met die farao in Gen 12, het die Here Abimeleg gekonfronteer, en deur hom ook vir Abraham. Die gevolg was dat Abimeleg Sara teruggegee het aan Abraham, dat hy ook aan hom geskenke gegee het, insluitend 'n reuse bedrag geld om aan te toon dat Sara onskuldig was. Verder het hy ook aangebied dat Abraham in sy land kan woon. Ons het spesifiek opgelet na die werk van die Here in hierdie gebeure: Die Here het met Abimeleg gewerk deurdat die Here hom daarvan weerhou het om erger sonde te pleeg, maar ook deurdat die Here vir hom herstel gebring het nadat Abraham vir hom gebid het. Nie net is Abimeleg gekonfronteer met die werk van die Here in sy eie lewe nie, maar hy kon ook sien hoedat die Here met Abraham werk. Die Here het met Sara gewerk en deur daardie reuse bedrag wat Abimeleg betaal het, aangedui dat Sara vir Hom kosbaar is, al moes sy die onreg van haar man en twee konings verduur. Die Here het ook met Abraham gewerk: Al het Abraham weer in kleingeloof gestruikel, het die Here hom weer tot die besef gebring dat die redes wat hy aangevoer waardeur hy die leuen wat hy vertel het, wou regverdig, eenvoudig nie water gehou het nie. Maar die Here het ook aangedui dat alhoewel Abraham gesondig het, bedreig dit nie sy deelname aan die verbond van die Here met hom nie, en hy moes gevolglik vir Abimeleg bid – en het sodoende die instrument geword tot seën vir Abimeleg. Die Here het getoon Hy bly getrou aan Sy verbond, selfs al is Abraham ontrou.

Vandag wil ek stilstaan by die gebeure in Gen 21:1-21, waar die geboorte van Isak en die gebeure daar rondom vir ons beskryf word. Ek wil hierdie gedeelte oordink onder die volgende drie punte: (1) Verbondsvervulling lei tot vreugde (Gen 21:1-8), (2) Verbondsvervulling lei tot spanning (Gen 21:9-21), en (3) Die Nuwe Testamentiese perspektief op hierdie gebeure (Rom 9 en Gal 4).

<u>Verbondsvervulling lei tot vreugde (Gen 21:1-8)</u>

Lees Gen 21:1-8. Uiteindelik! Isak word gebore! Dit is 25 jaar later – en uiteindelik word Isak gebore! Onthou, in Gen 12:4 het ons gelees Abraham was 75 jaar oud toe hy uit Haran na die beloofde land vertrek het nadat die Here aan hom die beloftes gemaak het, onder andere van 'n groot nageslag. En nou is hy 100 jaar oud (v5) – en uiteindelik word Isak gebore.

As jy deur die verse lees, staan jy eenvoudig verstom deur wat hier gebeur: Vers 2 sê Sara het swanger geword – onthou, vanaf Gen 11:30 waar ons Sara die eerste keer ontmoet het, was dit duidelik: Sara is onvrugbaar. En nou, op 'n ouderdom van 90 jaar, word sy swanger. Onthou hoe beide Abraham en Sara onderskeidelik in Gen 17:17 en 18:12 sinies gelag het toe die Here aangekondig het dat sy binnekort 'n seun sal hê, juis omdat sy onvrugbaar en boonop oud was. En tog het Sara nou swanger geword. Let op: Sara het swanger geword en vir Abraham 'n seun in die wêreld gebring (v2). Die seun is Abraham en Sara se seun – dit is nie die seun van Abraham en Hagar nie, die seun is ook nie die seun van Sara by Abimeleg nie – nee dit is Abraham en Sara se seun soos die Here beloof het in Gen 17:19. Boonop voeg vers 2 by dat die seun op die bestemde tyd gebore is soos wat die Here in Gen 17:21 en 18:10 beloof het: Hierdie tyd volgende jaar wanneer die seisoen draai. Selfs al die drama met Abimeleg wat Sara as vrou geneem het, het nie die geboortedatum van die seun geaffekteer nie.

Dit is ook verblydend om te sien hoe Abraham in gehoorsaamheid reageer op die geboorte van sy seun. Ons lees in vers 3 dat hy die seun "Isak" noem, soos wat die Here hom in Gen 17:19 beveel het om te doen. Verder het Abraham Isak op die agste dag besny (v4), soos wat die Here hom in Gen 17:12 beveel het om te doen.

En dan lees ons van Sara se vreugde in verse 6-7. Sy sê God het vir haar 'n lag beskik – dit is so anders as haar siniese lag in Gen 18. Nou lag sy van vreugde. Trouens, haar seun se naam "Isak" beteken juis "hy lag". Sy getuig daarvan dat elkeen wat hoor dat sy op 90 jarige leeftyd vir Abraham 'n seun gebaar het na 'n leeftyd van onvrugbaarheid, sal haar toelag – d.w.s hulle sal saam met haar lag van opgewondenheid en vreugde! Sy staan verstom dat sy kinders aan haar kan laat drink! Let op: sy praat van <u>kinders</u> – meervoud! Ek wonder of sy verwag het om self nog kinders te hê, en of sy verwag het dat daar deur Isak vir hulle nog kinders sou wees.

En toe Sara vir Isak speen, wat waarskynlik op 'n ouderdom van ongeveer 3 jaar gebeur het, reël Abraham 'n groot feesmaal. Die vreugde hou eenvoudig nie op nie.

Sien jy die wonder van die vervulling van die verbond van die Here? Ons het hier maar net 'n klein treetjie vorentoe in die vervulling van al die verbondsbeloftes, ons het hier maar die geboorte van die eerste ware nageslag van Abraham – en tog is die resultaat groot vreugde. Maar let ook op hoe het dit gebeur: Die Here het gedoen presies soos Hy beloof het. Die Here het dit gedoen op die bestemde tyd wat Hy beloof het. Boonop het Abraham gereageer in gehoorsaamheid soos wat die Here aan hom opgedra het om te doen. Sara verheug haar in die seun wat die Here vir haar gegee het en dat Hy inderdaad na haar omgesien het. Sien jy? As die Here, Abraham en Sara hulle verantwoordelikhede nakom, is die resultaat groot vreugde wat uitloop op 'n feesmaal!

Kan jy jou indink hoe groot die vreugde gaan wees met die bruilofsmaal van die Lam as al die beloftes van die Here volledig in vervulling gaan vir die volle ware nageslag van Abraham en hulle almal geklee is in blink klere en aansit aan die bruilofsmaal?

<u>Verbondsvervulling lei tot spanning (Gen 21:9-21)</u>

Maar die geboorte van Isak is nie die volle vervulling van die verbondsbeloftes van die Here nie – nee, dit is maar net een tree nader daaraan. En alhoewel dit gepaardgaan met groot vreugde, lei dit ook tot spanning.

Lees Gen 21:9. Te midde van al die vreugde, let Sara op dat daar nog een is wat lag. Die een wat lag, is die seun van Hagar, die Egiptiese slavin, wat sy vir Abraham in die wêreld gebring het – dit is Ismael. Let op, Ismael se naam word nie eenkeer in hierdie gedeelte genoem nie – daar word bloot na hom verwys as die seun/kind van Hagar, die slavin. En boonop is sy lag nie 'n lag van opgewonde vreugde nie – nee dit is 'n spottende lag, 'n neerhalende, afbrekende lag. Sy lag is soortgelyk aan Lot se skoonseuns se reaksie in Gen 19:14 toe hulle gewaarsku is om uit Sodom te vlug – hulle het gemaak of Lot met hulle gekskeer. Ismael het na al hierdie gebeure rondom die verstommende geboorte van Isak gekyk, en daaroor gespot, gedink dit is 'n gekskeerdery. Sara het dit gesien, en die gevolg is: spanning.

Lees Gen 21:10-11. Duidelik is daar spanning tussen Sara/Isak aan die een kant, en Hagar/Ismael aan die ander kant. Ons weet dat daar in Gen 16 al spanning was tussen Sara en Hagar vandat Hagar swanger geword het en Sara geminag het. Maar noudat Isak gebore is, en Ismael al meer as 14 jaar oud is, en hy spottend lag oor Sara en haar seun, groei hierdie spanning verder. Sara wil sien dat Hagar en Ismael weggejaag moet word, om te verseker dat Ismael nie saam met Isak erf nie. Waltke beskryf dat daar destyds 'n wet was wat bepaal het dat as 'n slavin 'n kind by haar eienaar gehad

het, en die eienaar stuur haar en die kind weg sodat sy nie meer sy slaaf is nie, mag die kind ook nie aanspraak maak op ‘n deel van die eienaar se erflating nie. Dit lyk dus asof Sara op regsgronde redeneer dat Hagar en Ismael weggestuur moet word, wat sal verseker dat Ismael nie saam met Isak erf nie.

Maar daar is nog spanning wat ontstaan: tussen Abraham en Sara. Abraham verskil van Sara, en wil nie vir Hagar en Ismael wegstuur nie – immers is Ismael sy seun. Waar Sara haar op regsgronde beroep, beroep Abraham hom op sy liefde as pa vir sy seun Ismael. Waltke maak die opmerking en sê: As dit so erg was vir Abraham om Ismael weg te stuur, kan jy jou indink hoe erg dit vir hom moes wees om later vir Isak te gaan offer?

Lees Gen 21:12-13. Hier gee die Here uitspraak oor die verskil in siening tussen Sara en Abraham. Die Here sê vir Abraham Sara is reg, en hy moet doen soos wat Sara gesê het. En die rede wat die Here gee as motivering vir Sy besluit, is dat Isak se nageslag die deel van Abraham se nageslag sal wees waarna later verwys sal word as Abraham se nageslag, nie Ismael se nageslag nie. Soos wat ons al in die verlede gesien het, beteken dit dat Isak se nageslag verteenwoordigend sal word van die ware nageslag van Abraham. Maar die Here kom Abraham ook tegemoet, en onderneem om Ismael se nageslag ook tot ‘n nasie te laat ontwikkel – immers is hy ook Abraham se seun.

Lees Gen 21:14. Weereens is Abraham gehoorsaam aan die Here se opdrag. Hy doen dit selfs met dringendheid. Hy berei brood en water voor, gee dit vir Hagar, en stuur haar en Ismael weg. Weer ‘n keer eindig Hagar in die woestyn, soos in Gen 16, toe sy swanger was en van Sara weggeloop het.

Lees Gen 21:15-21. Weereens ontferm God Hom oor Hagar en Ismael. Toe hulle water opgeraak het, wou Hagar nie sien hoe haar seun sterf nie. Sy het hom een kant onder ‘n struik gelos, en ‘n ent daarvandaan gaan sit en huil. Ismael het ook gehuil. En God het gereageer daarop. Sy Engel het na Hagar geroep vanuit die hemel en gevra wat is fout. God herhaal toe aan Hagar Sy belofte dat hy Ismael tot ‘n nasie sal maak. Boonop wys Hy aan haar ‘n put met water. Hagar en Ismael het toe van die water gedrink. En dan sluit die gedeelte af as ons lees dat God inderdaad met Ismael was, dat hy groot geword het en ‘n boogskutter in die Paranwoestyn geword het. Boonop het Hagar vir hom ‘n Egiptiese vrou geneem, en in Gen 25:12-17 lees ons detail van die nageslag van Ismael – soos wat God beloof het om hom ook tot ‘n nasie te maak.

Kom ons staan nou vir ‘n oomblik stil en vergelyk wat destyds in Gen 16 gebeur het met dit wat nou hier in Gen 21 gebeur. In Gen 16 het Sara Hagar aan Abraham gegee as vrou. Toe Hagar swanger geword het by Abraham, het sy egter begin om Sara te minag. Abraham het vir Sara gesê sy moet maar met Hagar optree soos wat sy goeddink, en die gevolg was dat Sara vir Hagar weggestuur het, terwyl sy swanger was. Destyds het die Engel van God haar ook gekonfronteer, en vir haar gesê sy sal ‘n kind hê, maar sy moes ook teruggaan na Sara en aan haar onderdanig wees (Gen 16:9) – wat Hagar toe ook gedoen het.

Vergelyk nou die situasie in Gen 16 met die situasie hier in Gen 21: In beide gevalle redeneer Sara dat Hagar weggestuur moet word. Sara tree dus konsekwent op. Kom ons kyk na Abraham: In Gen 16 was Abraham betreklik ongeërg oor Sara se frustrasie met Hagar en het gesê Sara moet maar optree soos sy goeddunk. In Gen 21 redeneer Abraham egter nou anders – hy wil hê Hagar en Ismael moet bly, want Ismael is sy seun. Hy het dus van opinie verander. Die verstommende is egter dat die Here ook oënskynlik van opinie verander het: Toe Hy in Gen 16 vir Hagar in die woestyn gekonfronteer het, het Hy vir haar gesê het sy moet teruggaan en haar aan Sara onderwerp, maar nou in Gen 21 is die uitspraak van die Here dat Hagar en Ismael inderdaad weggestuur moet word.

Die vraag is: Hoekom het die Here se opinie oënskynlik verander? Kan ek twee aspekte uitlig wat ons help om dit te verstaan:

- Ons moet onthou wat alles gebeur het sedert Gen 16: Ismael is gebore na Hagar teruggekeer het na Sara. In Gen 17 is Ismael alreeds 13 jaar oud. Hy was al groot genoeg om ten minste iets te verstaan van al die heerlike detail van die verbond van die Here wat Hy in Gen 17 aan Abraham bekend gemaak het. En boonop is Ismael besny – sekerlik moes hy gevra het waaroor die besnydenis gaan. In Gen 18 en 19 moes hy sekerlik bewus gewees het van die oordeel oor Sodom en Gomorra en hoe die Here sy neef Lot op wonderbaarlike manier gered het. In Gen 20 het hy saam getrek na Gerar toe, en hy het gesien hoe Sara weggegee is, maar ook hoe die Here dit bewerk het dat sy teruggegee is. Boonop moes Ismael tog sekerlik bewus gewees het van die belofte van die Here dat Sara oor 'n jaar 'n kind sou hê, en jou werklik waar, sy word swanger en Isak word gebore. Maar ondanks dit alles, lag Ismael steeds spottend oor Isak, die kind van die belofte. Vir meer as 14 jaar is Ismael gekonfronteer met die grootse inhoud van die Abrahamverbond, hy het selfs die teken van die verbond aan sy eie liggaam gedra – maar sy reaksie is om spottend te lag. Daarom oordeel die Here nou: hy moet weggaan. Genadetyd het vir Ismael uitgeloop. Soos met Sodom, oordeel die Here nie ligtelik nie, maar nou is genadetyd verby – en die Here stuur Ismael weg van Abraham af. Ja, die Here sal hom steeds seën, maar dit is bloot seën in die algemene genade van die Here, nie in Sy verlossende genade nie.
- Omdat Ismael gespot het oor die groot werk van die Here in die verbond met Abraham, mag hy ook nie saam met Isak erf nie. Dit gaan hier oor baie meer as net die erf van Abraham se fisiese besittings – dit gaan hier oor die voorreg om te mag deel in die volle vervulling van die beloftes van die Here aan Abraham se nageslag, dit gaan hier oor geregtigheid wat ontvang word deur geloof, om in vrede met die Here te mag sterf, om deel te kan wees van die hemelse Jerusalem op die nuwe aarde. Ismael mag dit nie saam met Isak erf nie – daarom moet hy weggestuur word nadat hy jare blootgestel is aan al hierdie heerlike beloftes, maar hy steeds spottend daaroor gelag het.

<u>Nuwe Testamentiese Perspektief op Gen 21:1-21 (Rom 9 en Gal 4)</u>

Ek wil graag nou na twee Nuwe Testamentiese gedeeltes gaan kyk wat spesifiek verwys na die gebeure in Gen 21. Ons gaan eers na Rom 9 kyk, en daarna na Gal 4.

Lees Rom 9:6. In verse 1-5 skryf Paulus oor die droefheid in sy hart omdat so baie van sy volksgenote, m.a.w. so baie Israeliete, besig is om verlore te gaan, omdat hulle nie tot geloof in Jesus gekom het nie. In verse 4-5 beskryf hy die voordele wat hierdie volksgenote gehad het omdat hulle deel was van die volk Israel. Hy noem dinge soos: aan hulle behoort die verbonde, die wetgewing, die tempeldiens, die beloftes (ook die beloftes aan Abraham), die voorvaders (insluitende Abraham en Isak) – en boonop het die Christus uit hulle midde gekom. En tog glo die meeste van hulle nie in die Here Jesus nie. Daarom maak Paulus die stelling in vers 6 dat dit egter nie beteken dat die woord van God gefaal het nie. En die rede hoekom hy dit sê, is: Nie almal wat uit Israel afkomstig, is die ware Israel nie. By implikasie bedoel Paulus: daardie volksgenote van hom wat nie in Jesus glo nie, is nie deel van die ware Israel nie, al is hulle deel van die fisiese Israel. Lees vers 7. Hier trek Paulus die lyn verder: Nie almal wat fisies deel is van Abraham se nageslag, is kinders van Abraham nie, m.a.w. is werklik gelowiges nie. En dan haal hy juis Gen 21:12 aan wat die Here daar aan Abraham gesê het – dit is net Isak se nageslag wat verwys na die ware nageslag van Abraham. Lees vers 8. Hier verduidelik Paulus verder dat dit nie al die fisiese afstammelinge van Abraham is wat die ware Israel uitmaak nie – maar dat dit bloot die kinders van die belofte is. Lees vers 9. Die vers verduidelik wat

beteken word met die kinders van die belofte – dit verwys spesifiek na Isak, dit gryp terug na Gen 17:21 waar die Here beloof het teen hierdie tyd volgende jaar sal Sara 'n seun hê. Opsommend: die ware Israel is ook die ware nageslag van Abraham. Hulle word in Gen 21 verteenwoordig deur Isak, en sy nageslag. Hulle is ook die ware gelowiges wat glo in die Here Jesus as hulle Verlosser. Hulle is die kinders van die belofte – hulle sal ook die volle vervulling van die Here se beloftes aan Abraham beleef. Daardie Israeliete wat nie in Christus glo nie, hulle word in Gen 21 verteenwoordig deur Ismael, en sy nageslag. Hulle sal nie saam met Isak erf nie. Hulle sal nie die volle vervulling van die beloftes aan Abraham beleef nie – selfs nie al is hulle besny nie. Immers was Ismael ook besny, maar hy is tog steeds weggestuur die woestyn in.

Blaai nou na Gal 4. Ons gaan na verse 22-31 kyk. Kom ons werk sistematies deur die gedeelte:

- <u>Vers 22:</u> Ons verstaan dat die twee seuns van Abraham waarna hier verwys word, Ismael en Isak is. Verder is die slavin natuurlik Hagar, en die vrou wat vry was, is natuurlik Sara.
- <u>Vers 23:</u> Ons weet Ismael is op 'n natuurlike manier verwek. Sara was bekommerd oor die stadige vervulling van die belofte van 'n groot nageslag vir Abraham, en het voorgestel dat Abraham 'n kind by Hagar moet verwek. Abraham het dit gedoen – en op 'n natuurlike manier is Ismael verwek – dit was die resultaat van 'n menslike plan. Daarteenoor is Isak, Sara se seun, verwek op grond van 'n belofte – die belofte van die Here dat Sara oor 'n jaar 'n seun sal hê. Natuurlik is dit so dat Isak in 'n sekere sin ook natuurlik verwek is – Abraham het natuurlike omgang met Sara gehad. Maar, onthou Sara was haar lewe lank onvrugbaar, en sy was oud – dit was onnatuurlik vir haar om swanger te word – dit het bloot gebeur omdat die Here beloof het sy sal swanger word.
- <u>Verse 24-25:</u> Paulus sê ons moet dit allegories verstaan. Dit beteken: hier is dieper betekenis as net twee seuns wat gebore is vir twee vrouens. Paulus sê Hagar en Sara verteenwoordig twee verbonde. Kom ons fokus eers op Hagar. Volgens Paulus verteenwoordig Hagar die verbond wat van Sinai afkom. Soos wat ek al verskeie kere aangedui het, is die Sinaiverbond die ou verbond. Ons weet wat by Sinai gebeur het: dit is waar die Here aan die volk Sy wet gegee het, dit is waar Hy die voorskrifte vir die tabernakel, die offerdiens en ander seremoniële wette gegee het. Hagar is 'n geldige verteenwoordiger vir die ou verbond in die sin dat sy 'n slaaf is, soos wat die volk slaafs al die seremoniële wette moes nakom. Paulus gaan nog verder en sê Hagar verteenwoordig ook die huidige Jerusalem – daarmee bedoel Paulus die Jode wat in die fisiese Jerusalem gebly het, die Jode wat nie Christus erken nie, die Jode wat steeds slaafs die Sinaiverbond se seremoniële wette moet onderhou. Dit moes skokkend vir die Jode gewees het om dit te hoor: Hulle het so geroem dat hulle die nageslag van Abraham is, en juis dat hulle afstam vanaf Abraham deur Isak. Maar Paulus sê nee, hulle is verkeerd – hulle moet hulleself identifiseer met Ismael en Hagar, nie met Isak en Sara nie.
- <u>Verse 26-27:</u> Nou skuif Paulus se fokus weg van Hagar af, na die vrou wat hy sy en sy lesers se moeder noem – hy bedoel natuurlik Sara. Hy bedoel dus dat Sara die moeder is van die gelowiges. Alhoewel vers 27 'n aanhaling is uit Jes 54:1-2 met 'n bietjie ander konteks, kan ons ook hierna kyk in terme van Sara – sy is die onvrugbare vrou, wat nie geboortepyne geken het nie, maar sy kan verwag om meer kinders te hê as die vrou wat wel kinders gehad het, in Gen 21 dus Hagar. Maar, Paulus assosieer Sara ook met 'n Jerusalem – maar dit is nie dieselfde fisiese Jerusalem waarmee hy Hagar geassosieer het nie. Nee, hy assosieer Sara met die "Jerusalem daarbo", m.a.w. met die hemelse Jerusalem.
- <u>Vers 28:</u> In hierdie vers sê Paulus sy broers, m.a.w. sy medegelowiges, moet raaksien dat hulle hulleself moet assosieer met Isak, wat natuurlik Sara se seun is, wat natuurlik die kind van die belofte was. Die gelowiges is dus deel van die nageslag van Isak, wat die kind van

Sara was. Onthou, Paulus skryf aan die Galasiërs – hulle is gelowiges uit die heidendom, hulle is nie Jode nie, hulle is nie deel van die fisiese nageslag van Abraham nie. Maar, sê Paulus, as jy wil dink in terme van Gen 21 se twee seuns – moet hulle hulle assosieer met Isak, nie met Ismael nie.

- Vers 29: Hier verwys Paulus na destyds, d.w.s. in Gen 21, toe die een wat op 'n natuurlike manier verwek is, hiermee bedoel hy natuurlik Ismael, die ander seun vervolg het. Die ander seun is natuurlik Isak – en dit verwys natuurlik na Gen 21:9 waar Ismael spottend vir Isak gelag het. Maar let op hoe beskryf Paulus vir Isak: hy sê nie net Isak is die kind van die belofte nie (v28), nee, hy sê Isak is ook die een wat deur die Heilige Gees verwek is. Onthou nou, ons het vroeër gesê Hagar is met die ou verbond, die Sinaiverbond, geassosieer. Deur te verwys na die feit Isak deur die Heilige Gees verwek is, assosieer hy Isak en Sara met die nuwe verbond – want dit is juis in die nuwe verbond dat die Heilige Gees klipharte verwyder en harte van vleis gee (Eseg 36:27). Paulus se verdere punt is: soos wat Ismael destyds Isak vervolg het, so gebeur dit ook nou – dit is wat die Galasiërs beleef, en is ook wat almal in die nuwe verbond kan verwag.
- Vers 30: Weereens gaan Paulus terug na Gen 21. Soos wat Hagar en Ismael weggejaag is, sodat Ismael nie saam met Isak sal erf nie, so kan ons ook verwag dat daar in die nuwe verbond skeiding sal kom tussen die wat met Hagar/Ismael geassosieer word aan die een kant, en die wat met Sara en Isak geassosieer word aan die ander kant.
- Vers 31: Hier is die punt: gelowiges is nie kinders van die slavin, Hagar nie, nee hulle is kinders van die een wat vry is, naamlik van Sara. In hoofstuk 5:1 sê Paulus dit is juis wat Christus kom doen het: Hy het ons kom vry maak van daardie slaafse nakoming van al die seremonies in die ou verbond.

Ek gee toe dit is 'n redelike komplekse beredenering waarmee Paulus hier besig is – maar die beginsel is redelik maklik om te verstaan. Hy sê daar is twee groepe: Aan die een kant is daar die mense wat hulleself moet assosieer met Hagar en Ismael. Hulle hou nog vas aan die ou verbond, want hulle erken nie Christus nie. Hulle moet dus nog slaafs die voorskrifte van die ou verbond nakom. Hulle is tipies die Jode wat in die fisiese Jerusalem woon, of vir wie die fisiese Jerusalem nog belangrik is. Ironies genoeg is hulle ook die mense wat hulleself graag daarop beroem dat hulle die nageslag van Abraham is deur Isak – maar in werklikheid is hulle bloot natuurlik verwek as sy nageslag, en hulle moet hulleself eintlik met die nageslag van Ismael assosieer. Aan die ander kant is daar die mense wat hulleself met Sara en Isak moet identifiseer. Hulle hou nie meer vas aan die ou verbond nie, want hulle erken Jesus as die Een wat die ou verbond vervul het, hulle is dus vry van die voorskrifte van die ou verbond, want Jesus het hulle vrygemaak. Hulle is deur die Heilige Gees verwek. Hulle assosieer hulle nie meer met die fisiese Jerusalem nie, nee hulle assosieer hulleself met die hemelse Jerusalem – daardie stad met fondamente waarvan God die argitek en boumeester is (Heb 11:10). Paulus en sy gelowige broers, en dus alle gelowiges, is hierdie mense. Hulle is die ware nageslag van Abraham.

Geliefdes, ek hoop jy sien dit raak: Ons is besig om te besin oor die verbond met Abraham – dit is hoe ons by Gen 21 uitgekom het. Maar wat Paulus vir ons uitlig: in die verbond met Abraham is die beginsels wat later in beide die ou verbond en die nuwe verbond baie duidelik uitgespel sal word, reeds vervat. Jy kan van die Nuwe Testament af terugredeneer, soos wat Paulus in Gal 4 doen, en dan verduidelik dit vir jou die gebeure in Gen 21 in die lig van die latere verbonde. Dit onderstreep weereens dat die verbonde nie los van mekaar gesien moet word nie – ja, elkeen het sy spesifieke fokus, maar hulle vorm 'n eenheid. Dit onderstreep ook dat die Abrahamverbond 'n ewige verbond is. Ja, die ou verbond vergaan en diegene wat daaraan bly vashou, sal weggestuur word. Maar die Abrahamverbond self ontwikkel dan na die nuwe verbond toe.

Toepassing

Kan ek ten slotte kortliks twee toepassings maak:

- Alhoewel ek baie huiwerig is om dit te doen, wil ek tog uitlig dit lyk vir my hier is implikasies wat ons in ag moet neem as ons na die huidige krisis in die Midde Ooste na Hamas se aanval op Israel kyk. Julle is sekerlik bewus dat daar baie sieninge is oor hierdie gebeure. Daar is onder andere die siening onder gelowiges dat die Jode steeds God se uitverkore volk is wat daarom reg het op die fisiese land Israel. Ek is glad nie oortuig hiervan nie. Alhoewel ek dit nie in detail wil bespreek nie, kan ek net die opmerking maak: In Gal 4 sê Paulus die Jode wat Christus verwerp, die Jode wat hulle assosieer met die fisiese Jerusalem, moet hulle nie assosieer met Isak nie, maar wel met Ismael. By implikasie is hulle nie deel van die ware nageslag van Abraham nie, en dus deel hulle nie in die beloftes aan Abraham nie, ook nie die belofte van die land nie – Ismael sal nie saam met Isak erf nie. Trouens die belofte van die land het al aanbeweeg na die hemelse Jerusalem, wat net vir ware Christengelowiges bestem is. Ek dink dus nie die belofte van die fisiese land aan fisiese Israel in die Ou Testament het enige implikasie vir die huidige stryd in die Midde Ooste nie.
- Wat ons hier in Gen 21 sien, is dat die geboorte van Isak 'n tree vorentoe is in die vervulling van die Here se beloftes aan Abraham. Saam met die tree vorentoe kom daar baie vreugde, maar daar kom ook spanning. Ons sien hierdie realiteite oor en oor in die loop van die geskiedenis: Elke keer as 'n persoon tot geloof kom en deel word van die ware nageslag van Abraham, deel word van die nageslag deur Sara en Isak, is daar groot vreugde in die verbondsgemeenskap. Maar dit gaan ook gewoonlik gepaard met spanning. Hierdie persoon kan verwag om die spot en vervolging te ervaar van die nageslag van Hagar deur Ismael. Selfs geliefdes van die gelowige kan hom spot en seermaak en kritiseer. Ons moet voorbereid wees daarop. Ons kan weet dat daar eventueel skeiding sal kom – maar die skeiding is nie noodwendig direk nie. Isak en Ismael het eers 'n tyd lank saamgewoon. Maar, ons kan bemoedig word deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees wat ons staande sal hou in gehoorsaamheid tydens sulke vervolging.